Berg-en-Dal

# WEEK VAN GEBED (ii)

## Maandagaand, 22 Januarie 2024



*Felix Stahlberg (2018) / Carl Bloch (1877)*

*"Wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon. ... Julle hemelse Vader weet tog wat julle alles nodig het. Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word."*
**(Matteus 6:6 & 32-33)**

**LITURGIE**

| | |
|---|---|
| **Wydingslied:** | "Hoor ons bid, o Heer" (Lied 278 – twee keer) |
| **Votum & Seëngroet** | |
| **Loflied:** | "Loof die Here uit die hemel" (Lied 199:1 en 3) |
| **Gebed** | |
| **Herinnering (aan Matteus 6:6)** | |
| **Skriflesing en oordenking:** | Matteus 5:1-2, 14 en 6:6, 22-23 en 31-33 |
| **Gesprek:** | ***"Bid tot jou verborge Vader, ... oor 'n wêreld in nood"*** |
| **Gebedsgeleentheid & lied:** | "Soek allereers die koninkryk van God" (Lied 471) |
| **Slotlied:** | "God is ons toevlug en ons skut" (Psalm 46:1, 2 en 3) |
| **Seënbede & Amen** | |

**Gespreksvrae aan/met proff Theo Neethling en Fanie Snyman:**

1) **Wat sien jul as die belangrikste brandpunte en/of ontwikkelinge in ons wêreld in 2024?**

   ..........

   ..........

2) **En spesifiek op ons vasteland Afrika?**

   ..........

   ..........

3) **En die geweld wat in Israel/Palestina/Gasa losgebars het – hoe kyk ons as Christene uit Suid-Afrika daarna?**

   ..........

   ..........

4) **Waarvoor sou jul dus sê, behoort ons hier aan die begin van 2024 te bid vir/oor die wêreld?**

   ..........

   ..........

5) **Wat gee aan jou hoop, teen hierdie agtergrond?**

   ..........

   ..........

**Hemelse Vader,**
**Skeppergod,**
**ons Verlosser:**

Ons bid vanaand vir vrede, ... gedagtig aan die oorloë wat woed.
Ons bid vir uitkoms, ... gedagtig aan die nood en vasgekeerdheid van slagoffers.
Ons bid dat geregtigheid mag geskied, ... gedagtig aan die wanhoop wat deur onreg kom.
Ons bid vir wyse leiers wêreldwyd, ... gedagtig aan duistere motiewe wat mense meesleur.
Ons bid vir 'n lewenskans vir iedereen en tevredenheid onder dié wat het, ...
gedagtig aan hoe beperk ons bronne is.
Ons bid vir hierdie klein blou-en-groen planeet, ons enigste tuiste, ...
gedagtig dat dit U s'n is, u heilige handewerk.
En ons bid vir ...
*... (stilte vir 'n eie gebed verder) ...*

Want aan U behoort die koninkryk, mag en heerlikheid.
Amen.